# “God, die Allerhoogste, woon nie in mensgemaakte konstruksies nie”

**T F J Dreyer**[1]
**Hervormde Teologiese Kollege**
**Fakulteit Teologie**
**Universiteit van Pretoria**

## Abstract
## “God, Almighty, does not live in human made constructs”

***This article is a homiletic reflection on the words of Stephen in Acts 7:48f that “the most High dwelled not in temples made with hands; as said the prophet, ‘Heaven is my throne, and earth is my footstool: what house will ye build me? said the Lord: or what is the place of my rest?’” The explication and application of these words are theologically contextualised with respect to current debates among theologians in the Nederduitsch Hervormde Kerk. The perspective represented in this reflection is based on the belief that faith affirmations had developed from a fundamental religious experience. When shared by others in a particular time and cultural context, the expressed faith experience became articulated in metaphorical language. From here on it could be transformed into a dogmatic creed, distanced from its origins. Putting one’s trust in dogma as metaphorical language without participation in the fundamental religious experience expressed by creedal language, amounts to confining God to human made constructs. The article focuses on several faith affirmations, such as God’s creation, Jesus’ virginal conception and his resurrection, and the expiation of sins.***

Ons groet ’n geëerde en gewaardeerde kollega. Prof Andries Breytenbach se skerp intellek, teologiese insig en integriteit as ’n gelowige het ons almal verryk. As Bybelwetenskaplike het hy met erns en deeglikheid tekste bestudeer, as Bybelvertaler het hy dit in eietydse taal onder woorde gebring,

[1] Prof dr T F J Dreyer is hoof van die Hervormde Teologiese Kollege aan die Universiteit van Pretoria. Hierdie artikel is ’n verwerking van die openingsrede van die Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika op 26 September 2004 in die Aula van die Universiteit van Pretoria. Prof Dreyer het hierdie rede oor Handelinge 7:44-51 in sy hoedanigheid as voorsitter van die Algemene Kerkvergadering gelewer. Dit word opgedra aan prof dr A P B Breytenbach by geleentheid van sy aanvaarding van emeritaat aan die Universiteit van Pretoria.

as prediker het hy dit met oortuiging verkondig en as gelowige het hy dit geleef. Omdat hy altyd gepoog het om die Woord van God vir vandag vars en nuut te sê, dra ek graag die openingsrede van die 67ste Algemene Kerkvergadering (AKV) van die Nederduitsch Hervormde Kerk aan hom, as voormalige vise-voorsitter van die AKV, op.

> "God die Allerhoogste, woon egter nie in geboue wat deur mense gemaak is nie", of, anders vertaal: "God, die Allerhoogste woon nie mensgemaakte konstruksies nie ...."
>
> (Handelinge 7:48*)*

Soms skiet woorde te kort. Dikwels hoor ons mense sê dat die woord "dankie" nie genoeg is om dankie te sê nie. Die woord is onvoldoende om die omvang van hulle dankbaarheid uit te druk. Wanneer ons betrokke raak by mense in rousmart is ons verleë omdat ons weet dat woorde nie in staat is om die intensiteit van hulle smart en pyn te verwoord nie – ons het nie woorde nie, ons is sprakeloos.

As ons woorde te kort skiet, of te min is, om menslike ervaring onder woorde te bring, hoe moeilik, eintlik onmoontlik, is dit dan om God onder woorde te bring. God is die Gans Andere, die Onmeetlike, die Ewige, die Allerhoogste God! God is verhewe bokant ons begrip, verstand en taal. Ons probeer met ons menslike begripsvermoë en taal iets sê oor God, maar ons kan God nooit met ons woorde omvat nie. Daarom kan ons nooit anders oor God praat as analogies en metafories nie. Dit beteken dat ons na aanleiding van wat vir ons bekend is, iets oor God sê. Ons gebruik woorde, beelde en simbole wat ons ken, om na aanleiding daarvan, God onder woorde te bring. Om die onsê-bare te sê, gebruik ons wat sê-baar is. Terwyl ons iets oor God, die Onsê-bare, in menslike sê-bare woorde, beelde en simbole probeer sê, besef ons dadelik dat ons daarmee nooit alles kan sê nie. Ons uitsprake oor God is altyd voorlopig, tydelik en gebrekkig – hoogstens 'n poging om in 'n bepaalde konteks iets oor God te sê.

"God, die Allerhoogste, woon nie in mensgemaakte konstruksies nie ...", dit is die woorde van Stefanus, een van die eerste diakens, "... 'n man met 'n vaste geloof en vol van die Heilige Gees ...." (Hand 6:5), "... aan wie God baie genade en krag gegee het ...." (Hand 6:8). Dit was sy verweer nadat hy voor die Joodse Raad gedaag is omdat hy, sogenaamd lasterlik, oor die tempel en die wet van Moses gepraat het. Hy het gesê dat Jesus van Nasaret die tempel sal afbreek en die voorskrifte wat Moses gegee het, sal verander. Dit was 'n uitspraak wat Jesus, volgens oorlewering, self gemaak het: "Ek sal hierdie tempel, wat deur mense gemaak is, vernietig en binne drie dae 'n

ander een bou wat nie deur mense gemaak is nie" (Mark 14:58). Op grond van hierdie uitspraak van Jesus, het Stefanus aan die mense geleer dat die tempel in Jerusalem nie noodsaaklik was vir die ware aanbidding van God nie. In sy verweer voor die Joodse Raad, het Stefanus nie probeer aantoon dat die aantygings teen hom vals was nie, maar juis dat die tempel en die beloofde land nie noodsaaklik was vir die ware diens aan God nie.

In sy uitgebreide betoog vertel hy die geskiedenis van die volk Israel en probeer hy aantoon dat God se handeling met die voorgeslagte nie beperk was tot die tempel, of selfs tot die beloofde land nie. God roep, seën en verlos mense selfs buite die beloofde land en die tempel: Hy roep Abraham in Ur van die Chaldeërs; verlos Israel in Egipte; is teenwoordig by Israel in die woestyn. Gedurende 'n groot aantal jare in die geskiedenis van Israel, het hulle God nie in die tempel aanbid nie, maar in Egipte, in die woestyn en in ballingskap. Jerusalem en die tempel was ook geensins 'n waarborg dat die volk nie van God afvallig sou word nie, net so min as wat die teenwoordigheid van die ark die waarborg was dat die volk hulle vyande sou oorwin.

"God, die Allerhoogste, woon nie in mensgemaakte konstruksies nie ...." Stefanus het aan hulle probeer verduidelik dat 'n mens God nie kan vasvang in mensgemaakte konstruksies, soos die tempel nie. Die tempel, as simbool van die teenwoordigheid van God, kan nie identies word aan God nie, of anders gestel: God se teenwoordigheid kan nie beperk word deur die simbool wat iets van God se teenwoordigheid probeer uitdruk nie. God is die Allerhoogste. Daarmee wil Stefanus sê dat God in vergelyking met enige iets anders, nog baie groter en hoër is. Daar is niks anders wat werklik met God vergelyk kan word nie – God is die Allerhoogste! Die Allerhoogste is baie meer en groter as die tempel – selfs die tempel as simbool van God se teenwoordigheid kan God nie omvat of beperk nie. Om sy argument oor die grootheid van God te versterk, haal Sefanus die profeet Jesaja aan wat gesê het: "Die hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete, sê die Here". Die Allerhoogste omvat alles, die ganse heelal behoort aan God. Die vraag wat Stefanus aan hulle stel is: hoe kan julle hierdie allerhoogste God probeer vasvang in mensgemaakte konstruksies? Die tempel is 'n mensgemaakte konstruksie. Wanneer ons God in 'n menslike skepping probeer inperk, is ons eintlik besig met afgodsdiens, want dan het ons skepping en handewerk die voorwaarde en begrensing van God geword. Dit is wat die volk met die goue kalf gedoen het. In die woorde "mensgemaakte konstruksies" lê 'n verwysing na afgodsdiens opgesluit. Wanneer die mens God probeer beperk, uitbeeld, of vasvang in mensgemaakte konstruksies, grens dit aan afgodsdiens. Calvyn, in sy kommentaar op hierdie gedeelte, waarsku ook dat diegene wat God probeer meet en bepaal in terme van hulle

eie natuur, besig is om te dwaal. Deur te fokus op die simbool is jy besig om jou eie God te fabriseer. Godsdienstige rituele en simbole kan nooit God vervang nie. Dit is daarom te verstane dat Karl Barth ook waarsku teen die gevaar van godsdienstigheid, of godsdiens as ’n kultus. Mense kan besig wees met uiterlike godsdienstige rituele, gebruike en simbole sonder dat dit noodwendig beteken dat God aanwesig is.

“God, die Allerhoogste, woon nie in mensgemaakte konstruksies nie ....” Ons teks maan dat ons nie ons simbole van God, moet sanksioneer as identies met God nie. Alhoewel die tempel van God ’n fisiese gebou was, wat die simbool moes wees van God se teenwoordigheid, het dit in ’n teologiese konstruksie verword. Vanuit hierdie aanvanklike teologiese konstruksie is daar ’n teologie gebou wat bepaal het waar God teenwoordig is, of nie. Die teenwoordigheid van God is in konsentriese sirkels al nouer getrek: die beloofde land, Jerusalem, die tempel, die voorhof, die heilige, die allerheiligste. Die teologiese konstruksie van die tempel is ook gebruik om te bepaal wie welkom is in die teenwoordigheid van God, en wie nie. Die uitverkore volk Israel, die priesters, die hoëpriester in die allerheiligste, is welkom in die teenwoordigheid van God, maar geen vreemdelinge, onreines, sondaars, tollenaars, gebreklikes en melaatses nie. Die mure van die tempel het God se teenwoordigheid by mense as ‘t ware ingeperk.

In die lees van die Bybel word dit al gou duidelik dat die tempel ’n metaforiese betekenis het en dat die tempel as metafoor, of beeld van God se teenwoordigheid, verruim word. In Trito-Jesaja (Jes 56:3, 7) word al voorsien dat hierdie beperking opgehef kan word en dat God se teenwoordigheid nie tot die inwoning van die tempel beperk kan word nie. In Nehemia se tyd kry die tempelpersoneel opdrag om ook die herboude mure van Jerusalem te wy, asof die heiligdom verruim geraak het. Sagaria praat van baie nasies wat hulle aan die Here sal verbind en: ”... hulle sal my volk wees, en Ek sal in jou woon, Sion” (Sag 2:11).

Jesus verruim die metafoor van die tempel in radikale terme as Hy, figuurlik gesproke, die mure van die tempel afbreek en oopbreek, en die teenwoordigheid van God na mense toe bring. Jesus bemoei Hom met mense wat, volgens die teologiese konstruksies van sy tyd, nie gekwalifiseer het om in God se teenwoordigheid te kom nie: Samaritane, onreines, tollenaars, sondaars, kreupeles, melaatses, blindes ensomeer. Die offerande van die hoëpriester wat die sondes van die volk moes wegneem, word nou in die openbaar op Golgotha voltrek – ten aanskoue van almal. Die metafoor van die tempel word verder verruim as die Christelike geloofsgemeenskap die huis, of die tempel van God genoem word (1 Pet 2:5). Paulus praat selfs van ons liggame as die tempel van God. Met die uitstorting van die Heilige Gees word

dit duidelik dat God deur God se Gees in mense wil woon. Hierdie nuwe gemeenskap van gelowiges word God se tempel, God se kerk, waar God deur God se Gees teenwoordig wil wees en hulle tot ’n hegte eenheid saambind as God se liggaam.

Geloofstaal, of die spreke oor God, begin altyd met ’n fundamentele godsdienstige ervaring wat die karakter het van ’n individuele geloofsbelydenis. Wanneer gelowiges hierdie belydenis met ander deel en oor God begin praat, word dit metaforiese taal. Metaforiese spreke oor God word mettertyd ’n geykte taalgebruik en vind neerslag in konfessionele formules. Konfessionele formules ontwikkel in ’n credo, of ’n geykte belydenis met ’n normatiewe karakter. Wanneer ’n credo ’n vaste, geykte betekenis los van tyd en kultuur geword het, begin dit die gesag van ’n dogma verkry. ’n Dogmatiese leerstuk veronderstel die oordrag van ’n tydlose waarheid wat jou dwing tot kognitiewe instemming. Dogma verteenwoordig ’n distansiëring van die oorspronklike individuele belydenis. Wanneer belydenis ’n dogma geword het, ’n leerstuk, ’n sisteem, ’n skema waarbinne God moet inpas, word die teregwysing van ons teks relevant: “God, die Allerhoogste, woon nie in mensgemaakte konstruksies nie ....”

Die Bybel, as die Woord van God, kom na ons toe onder die leiding van die Heilige Gees, in die vorm van die belydenis van gelowiges. Hierdie fundamentele belydenis van mense word aan ons meegedeel in metaforiese, of analogiese taal, in ’n poging om die Onsê-bare te sê. Die gemeenskap van gelowiges, of die kerk, kan nie anders as om oor hulle geloof te praat en dit te bely in terme van die geykte woorde, beelde en formules, wat deur mede-gelowiges gedeel word nie – dit word ’n geloofsbelydenis van die kerk! Die veronderstelling is egter dat ons, wanneer ons hierdie belydenis saam met die kerk van alle eeue uitspreek, dit vir ons, telkens weer ’n individuele belydenis word in die besef dat dit hoogstens ’n poging kan wees om iets van my geloof in God onder woorde te bring. Dit is nie ’n dogma waarmee jy verstandelik instem omdat dit ’n tydlose waarheid is nie, maar ’n belydenis wat iets verwoord van fundamentele ervaring van God se teenwoordigheid in jou lewe. Ek stem nie met die belydenis in omdat die kerk so sê nie, maar omdat ek God se teenwoordigheid in my lewe beleef, soos wat die kerk dit bely.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk het daarom, tereg, altyd na die Hervormde Kerk verwys as ’n *belydende* kerk en nie as ’n *belydenis* kerk nie. Dit gaan nie vir die Hervormde Kerk om die proklamering van dogmatiese waarhede nie, maar om mense te bring tot ’n eksistensiële belydenis van hulle geloof in die allerhoogste God wat nie in mensgemaakte strukture vasgevang kan word nie. As ons belydenisse tydlose, dogmatiese waarhede was, is dit mos nie nodig om ons teologiese studente aan ’n universiteit op te lei nie –

dan kan ons hulle eerder in 'n kweekskool afrig om dogmatiese uitsprake te memoriseer. Die Hervormde Kerk se standpunt was nog altyd dat predikante aan 'n universiteit akademies geskool moet word. Langs die moeisame weg van eksegese, die kennis van die brontale, die kritiese omgaan met historiese tekste en kontekste, moet die prediker in geloof en deur die gebed om die verligting van God se Gees, hermeneuties poog om God se Woord vir vandag opnuut te hoor en te vertolk, want God, die Allerhoogste, kan nie in menslike strukture vasgevang word nie.

Dit beteken nie dat die belydenisse van die kerk geïgnoreer moet word nie; inteendeel, hulle is onontbeerlik. Ons is nie die eerste mense wat ons geloof in God bely nie.  Daar is 'n skare van gelowiges wat deur die eeue heen hulle geloof in God bely het. Hulle belydenisse help ons, bied 'n identiteit en verstaansraamwerk waarbinne ons opnuut saam met hulle kan bely, maar dit mag nooit verword tot 'n dogma waarbinne God vir alle tye vasgevang word in menslike, teologiese konstruksies nie. Ons kan nie deur ons teologiese konstruksies mure om die Allerhoogste God bou en God in ons denksisteme probeer inperk nie. Die Reformatoriese uitgangspunt van die belydenis as "genormeerde norm" en die Bybel as "normerende norm" plaas op ons die verantwoordelikheid om telkens terug te keer na die Bron, en binne elke nuwe konteks weer vars en lewensgetrou, ons geloof te bely.

Elke preek is in 'n sekere sin 'n nuwe belydenis. Dit is die bedienaar van die Woord se eietydse antwoord op die belydenis van gelowiges wat hy of sy in die Bybel verneem het. Prediking het nie die pretensie van 'n dogma nie, maar is 'n belydenis van die prediker, saam met die kerk van alle eeue, wat die gemeentelede van vandag uitnooi om opnuut hulle geloof in die Allerhoogste God te bely. Besluite van kerklike vergaderings, ook die besluite van hierdie 67ste Algemene Kerkvergadering, het in 'n sekere sin die karakter van 'n belydenis. Dit is die belydende antwoord van die Hervormde Kerk op ons verstaan van God en kerk-wees, in die omstandighede waarbinne ons onsself bevind. In die agenda van hierdie vergadering is daar talle sake waaroor die vergadering besluite moet neem: formuliere, ampsbeskouing, liturgie, apostolaat, kerkordelike reëlings, ensomeer. Elke besluit behoort die neerslag te wees van die vergadering se gelowige worsteling om, in ons terugvra na die Bybel, vir vandag ons geloof in God opnuut te bely. In hierdie besinning is die belydeniskrifte, as rigsnoer vir kerklik-teologiese uitsprake (Kerkorde 1.1.4), ons tot hulp.

Die kerk word in ons tyd gebombardeer met vrae oor die verstaan van God, die Bybel en die kerk. Ons staan voor 'n grootse uitdaging! Die maklike uitweg is dat ons daarop antwoord met geykte konfessionele formules wat ons as tydlose waarhede aanbied, omdat ons dink dat ons klaar oor God gepraat

het. Dan vergeet ons dat die belydenisgeskrifte belydenissuitsprake van gelowiges in ’n bepaalde konteks was, in ’n poging om in hulle tyd iets van God onder woorde te bring. Dan het ons God probeer vasvang in tydlose menslike teologiese konstruksies en woorde. Dan dink ons dat ons oor God beskik. Onthou die woorde van ons teks: “God, die Allerhoogste, woon nie in mensgemaakte konstruksies nie ....”

Ons kan gelowige en teologiese nadenke oor God benader as ’n raaisel waarop ons ’n antwoord moet vind. As God ’n raaisel was, beteken dit, dat, as ons lank genoeg soek en diep genoeg delf, ons die regte en finale antwoord op die raaisel sal kry. Nee, die Allerhoogste God, wat die hemel het as troon en die aarde as die rusplek vir God se voete, is nie ’n raaisel nie, maar ’n misterie. Hoe dieper ’n mens delf en soek hoe meer ontdek jy dat jy God nie met menslike denke kan begryp, of met woorde en begrippe kan omvat en beskryf nie – woorde skiet te kort! ’n Raaisel, waarop jy nie ’n antwoord kry nie, maak jou moedeloos. ’n Misterie, daarenteen, is iets waarvan jy telkens ’n ander faset leer ken en jou laat besef dat jy dit nooit ten volle sal kan begryp nie – dit laat jou in verwondering! In verwondering en met kinderlike geloof kan jy maar net bely dat God ’n misterie is. God is soos wat die Nederlandse Geloofsbelydenis in Artikel 1 sê: “... ewig, onbegryplik, onsienlik, ... oneindig, almagtig ....” God is die Allerhoogste God, wat nie in mensgemaakte strukture woon nie!

As ek bely dat “... ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde ....”, dan maak ek nie daarmee ’n finale, wetenskaplike, tydlose uitspraak oor God en die presiese verloop van die skepping in ses dae nie. Te midde van wetenskaplike bevindings dat die heelal waarskynlik 12 miljard jaar oud is en met ’n groot knal ontstaan het, bely ek daarmee, saam met die skeppingsverhale in Genesis, dat, agter dit alles, daar die Allerhoogste God is wat dit alles moontlik gemaak het.

As ek bely dat ek glo in Jesus Christus, “... wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria”, dan is dit nie ’n wetenskaplike stelling gebaseer op fisiologiese en mediese navorsing van konsepsie en geboorte nie. Dit is ’n geloofsbelydenis, saam met die kerk van alle eeue, dat die ewige en almagtige God op ’n wonderbaarlike manier, wat my verstand te bowe gaan, ’n mens geword het en onder ons kom woon het. Jesus Christus is God. In Hom het die onmoontlike gebeur dat die Oneindige in die Eindige na ons gekom het.

As ek bely dat ek glo dat Hy:”... op die derde dag weer opgestaan het uit die dode”, dan gee ek nie daarmee verslag van ’n mediese deurbraak nie, maar dit is ’n geloofsbelydenis dat Jesus Christus lewe, omdat Hy, die Onverganklike, nie aan die verganklikheid onderworpe is nie.

As ek bely dat ek glo "... in die vergewing van sondes", dan is dit nie 'n juridiese vonnis wat my wil oortuig dat daar voldoende betaling en vergelding was vir sonde nie, maar 'n belydenis dat God se liefde so onbeskryflik groot is dat God my onvoorwaardelik vergewe, asof daar nooit enige iets was wat ons verhouding geskend het nie.

As ek bely dat ek glo in "... die opstanding van die vlees en die ewige lewe", dan bely ek dat my lewe nie deur die kategorieë van tyd en ruimte begrens is nie, maar dat Jesus Christus ook vir my die begrensing van die verganklikheid, deur die onverganklike deurbreek het.

Geboue en grense, strukture en mure, stelsels en sisteme laat 'n mens veilig voel, want dan is jou leefwêreld georden, dan het jy 'n greep op die werklikheid! Ook in die kerk gee dit aan ons 'n gevoel van sekuriteit. Dit skep die ruimte vir kerklike orde en dissipline. Natuurlik kan die kerk nie daarsonder nie, maar wanneer mensgemaakte strukture die karakter van dogmatiese ewigheidswaarde verkry, word dit gevaarlik – dan begin ons dink dat ons 'n greep op God het! Met ons mure en strukture begrens ons die liefde van God, bereken ons God se almag en beperk ons God se genade. Só het die kerk vir baie eeue mense tot slawe gedegradeer en vroue uit die amp geweer.

Tog kom 'n mens nie los van die versugting om te wil weet hoe groot God is, hoe wyd God se genade strek, hoe ons God se almag kan bereken, hoe sterk God se liefde is nie. As ons dit maar net kon meet, of bereken!

Daar is tog 'n manier hoe ek dit kan meet en daaroor sekerheid kan kry. Ek kan dit telkens weer gaan meet aan die kruis van Jesus Christus. Dan besef ek hoe onmeetlik God se liefde is. Dáár breek God ook die mure af wat ek om myself gebou het, omdat ek dáár die onbegrensdheid van God se liefde vir my, leer ken.

Hoe dit moontlik is, weet ek nie! Ek kan dit nie met menslike woorde beskryf of met my denke deurgrond nie – woorde skiet te kort. Dít bied my troos en gee my hoop, want: "God, die Allerhoogste, woon nie in mensgemaakte konstruksies nie ..."